



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3
MEMORANDUM**

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED**ALGEMENE RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN VRAESTEL 3**

1. Maak gebruik van die voorgeskrewe rubrieke. (A, B en C) in die Assesseringsriglyne. Let veral daarop dat beplanning en redigering by die rubriek ingesluit is.
2. As skryfstukke heeltemal uit die vraestel saamgeflans word/dele van die opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. Kommentaar sal wees: Geen eie werk nie/Saamgeflans.
3. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder streng gepenaliseer m.b.t. die inhoud ('n baie lae punt), maar die taal word normaalweg nagesien.
4. Maak gebruik van die volgende simbole/tekens by die nasien van skryfwerk ter wille van eenvoud en eenvormigheid.

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|--------------------------------|---|
| 0 | Sirkel | Punktuasiefout |
|  | Dubbele strepie onder 'n woord | Spelfout |
|  | Lang streep onder 'n woord | Foutiewe woord gebruik |
|  | Sirkel met pyltjie | Woordorde fout |
| Λ | Weglaatteken | Woord weggelaat |
| T | Hoofletter T in kantlyn | Tye verwar |
| hh | Dubbele hh | Herhaling van gedagtes |
| VR | Vraestel | Dele saamgeflans met woorde in vraestel gebruik |
| ? | Vraagteken | Baie verwarrend/sukkel om te verstaan wat leerder skryf |
| [| Enkel hakie | Nuwe paragraaf |
| e | Letter "e" bo woord | Engelse woord gebruik |

ANALISE VAN VRAESTEL

| AFDELING A | OPSTEL |
|-------------------|---|
| VRAAG 1 | Argumenterend |
| VRAAG 2 | Beskrywend |
| VRAAG 3 | Beredenerend |
| VRAAG 4 | Bespiegelend |
| VRAAG 5 | Verhalend |
| VRAAG 6 | Interpretasie van prente: Verhalend/Feitelik/Beskrywend/Bespiegelend/Reflekkerend/Argumenterend. |

| AFDELING B | LANGER TEKSTE |
|-------------------|----------------------|
| VRAAG 7 | Koerantartikel |
| VRAAG 8 | Dialog |
| VRAAG 9 | Ooggetuieverslag |
| VRAAG 10 | Vriendskaplike brief |

| AFDELING C | KORTER TEKSTE |
|-------------------|----------------------|
| VRAAG 11 | Plakkaat |
| VRAAG 12 | Facebook-boodskap |
| VRAAG 13 | Aanwysings |
| VRAAG 14 | Dagboekinskrywing |

ONTLEDING VAN VRAESTEL 3

| | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 |
|----------------------|--|---|---------------------------------|
| O: Onderwerp | Kandidaat se eie persoonlike en alledaagse leefwêreld. | Kandidaat se eie en onmiddellike gemeenskap en omgewing. | Kandidaat en die wye wêreld. |
| A: Aanbieding | Baie hulp: riglyne, woordeskat in tekste, antwoordblad, ens. | Minder hulp: minder riglyne, minder woordeskat in tekste, uitdagender antwoordblad. | Net die onderwerp, min leiding. |
| U: Uitdaging | Skryf net woorde. | Skryf stukke wat hoër skryfvaardighede vereis. | Moeiliker skryfvorme. |

DENKVLAK VAN DIE SKRYFSTUK

VLAK 1: 3 PUNTE

VLAK 2: 4 – 6 PUNTE

VLAK 3: 7 – 9 PUNTE

ANALISE VAN VRAESTEL**AFDELING A**

| VRAAG | OPSTEL | O | A | U | TOTAAL | DENKVLAK |
|--------------|---|----------|----------|----------|---------------|-----------------|
| 1 | Argumenterend | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 |
| 2 | Beskrywend | 3 | 2 | 2 | 7 | 3 |
| 3 | Beredenerend | 1 | 2 | 2 | 5 | 2 |
| 4 | Bespiegelend | 2 | 1 | 3 | 6 | 2 |
| 5 | Verhalend | 1 | 2 | 1 | 4 | 2 |
| 6 | Interpretasie van prente: Verhalend/feitelik/ beskrywend/bespiegelend/argumenterend | 3 | 3 | 3 | 9 | 3 |

AFDELING B

| VRAAG | LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE | O | A | U | TOTAAL | DENKVLAK |
|--------------|-------------------------------------|----------|----------|----------|---------------|-----------------|
| 7 | Koerantartikel | 2 | 1 | 1 | 4 | 2 |
| 8 | Dialog | 2 | 2 | 2 | 6 | 2 |
| 9 | Ooggetuieverslag | 1 | 3 | 3 | 7 | 3 |
| 10 | Vriendskaplike brief | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 |

AFDELING C

| VRAAG | KORTER TEKSTE | O | A | U | TOTAAL | DENKVLAK |
|--------------|----------------------|----------|----------|----------|---------------|-----------------|
| 11 | Plakkaat | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 |
| 12 | Facebook-boodskap | 2 | 1 | 1 | 4 | 2 |
| 13 | Aanwysings | 2 | 3 | 2 | 7 | 3 |
| 14 | Dagboekinskrywing | 3 | 2 | 1 | 6 | 2 |

AFDELING A: OPSTEL

Van die kandidaat word verwag om:

- Een vraag te doen.
- Die beplanning en redigering aan te toon.
- Die lengte van die skryfstuk (tussen 200 en 250 woorde) in hakies aan te toon.
- Die instruksies by elke vraag rakende die titel te volg.

VRAAG 1 ARGUMENTEREND

Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer. Die skrywer moet albei standpunte – daarvoor en daarteen – argumenteer, maar tot 'n duidelike slotsom kom.

- Opinies moet objektief wees.
- Argumente moet gemotiveer word met voorbeelde.
- Oorredingstegnieke mag gebruik word.
- Die slot moet sterk en duidelik wees en die skrywer se perspektief ondersteun.

Let op:

- Die argument gaan oor lyfstraf wat teruggebring moet word in die skool (of nie) omdat geen ander huidige strafmaatreëls suksesvol blyk te wees nie.
- 'n Argument daarteen behoort voorbeelde van strafmaatreëls te gee wat suksesvol help met dissipline in die skool.
- 'n Argument daarvoor behoort voorbeelde te gee van die huidige maatreëls wat nie help met dissipline nie.
- Die ingeligte leerder sal weet dat sekere provinsies dit wel al oorweeg en daarvoor gedebatteer het.

[50]

VRAAG 2 BESKRYWEND

Die skrywer beskryf iets soos hy/sy dit ervaar of graag wil ervaar.

- Waarnemings met al vyf sinne en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Eie gevoelens word gegee.
- Plekke, gebeure en karakters moet akkuraat beskryf word.
- Beeldspraak en idioome word gebruik.

Let op:

- Dit gaan oor die ma wat kwaad was oor 'n insident wat die skrywer raak.
- Die insident, uit die perspektief van die skrywer, kan komies of ernstig wees, maar die gevolge daarvan was woede by die ma.

[50]

VRAAG 3 BEREDENEREND

'n Stelling wat gemaak word, moet beredeneer word.

Let op:

- Die ouer persoon en die skrywer se tienerjare word met mekaar vergelyk.
- Ooreenkomste en verskille moet genoem word.

[50]

VRAAG 4 BESPIEGELEND

Die skrywer deurdink 'n gedagte en gee haar/sy emosionele reaksies en gevoelens weer.

- Die gedagte/probleem word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins en oordink.
- Gevoelens en emosies speel 'n belangrike rol.
- 'n Groot deel van die opstel mag beskrywend wees en situasies uit die verlede kan aangehaal word.
- Gedagtes en gevoelens behoort persoonlik te wees.

Let op:

- Die skryfstuk moet 'n versugting/wens wees na enige ander plek as die skoolsituasie.
- Die skrywer kan redes gee waarom hy/sy verkies om nie by die skool te wees nie.
- Die "ander" plek mag ook 'n verbeeldingsvlug wees na 'n fiktiewe plek. Dit kan ook 'n ander persoon betrokke maak.
- Die skryfstuk moet tweeledig benader word: waar en waarom juis die ander plek.

LW: Verhalende en Beskrywende opstelle kan ook aanvaar word.

[50]

VRAAG 5 VERHALEND

Dis 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis (gewoonlik uit die verlede). Dit kan uit enige perspektief geskryf word.

- Dit gaan oor herinneringe.
- Dit word met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant.
- Die storielyn volg chronologies en die verhaal oortuig.
- Die verhaal is gebaseer op eie ervaring en gebeurtenisse.
- Dit kan fiktief wees.
- Daar moet 'n treffende inleiding wees wat die leser boei.
- 'n Verrassende slot word vereis.

Let op:

- Die skrywer moet die vakansiedag noem.
- Die skrywer moet die woorde, "Suid-Afrika is trots op jou" iewers in die skryfstuk inbring.

[50]

VRAAG 6 VISUELE PRENTE

Die vraag is so geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose prent van die kandidaat verwag word. Die opstel wat geproduseer word, kan enige een van die tipes opstelle wees.

[50]

TOTAAL VAN AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Van die kandidaat word verwag om:

- Een vraag te doen.
- Die instruksies by die vraag uit te voer.
- 'n Skryfstuk van tussen 120 en 150 woorde te skryf.
- Die regte formaat te gebruik.

VRAAG 7 KOERANTARTIKEL

'n Artikel is 'n skryfstuk wat oor 'n bepaalde onderwerp geskryf word. Dit word in die koerant gepubliseer.

- Die titel vat die onderwerp saam.
- 'n Subtitel kan ook gegee word.
- Die omgekeerde piramide-metode word gebruik.
- Die skrywer se naam word genoem asook die plek/dorp/stad/land waar die gebeure plaasgevind het.
- Die meeste feite word in die eerste paragraaf gegee. (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe)
- Die wie, wat, waar en wanneer word in die volgende paragrawe uitgebrei.
- Die res van die inligting word daarna in dalende volgorde van belangrikheid gegee.
- Die artikel word in die bedrywende vorm geskryf.
- Die koerantartikel kan in paragrawe of kolomme aangebied word

Let op:

- Hierdie artikel word vir die sportblad geskryf.
- Die veronderstelling sal wees dat die leser kennis het van die sportsoort waarvoor berig word.
- Die skrywer kan dus van tegniese sportterme gebruik maak wat by die betrokke sportsoort waarvoor hy/sy berig, hoort.
 - BOKKE!!! kan bv. rugby wees. (Vreugde? Teleurstellend?)
 - SKAAKMAT VIR SA
 bv. skaak of enige ander sportsoort waar 'n finale besluit geneem moet word.
 - FANTASTIESE SEWES rugby sewes-toernooi.
 - BAFANA - AFRIKA SE HOOP sokker
 - SA-NETBAL WYS DIE WÊRELD netbal.
 - VERRASSINGS OP WIMBLEDON tennis.
 - 'n SOKKERWEDSTRYD sokker tussen twee spanne. **[30]**

VRAAG 8 DIALOOG

Dis die kommunikasie/gesprekvoering tussen twee of meer mense.

- Die sprekers se name staan teen die kantlyn. Daar is 'n dubbelpunt na die naam.
- Daar word geen aanhalingstekens gebruik nie.
- 'n Reël word na elke spreker (spreekbeurt) oopgelaat.
- Ekstra inligting word tussen hakies geskryf.
- Die taal en styl moet by die onderwerp pas.
- Gebruik leestekens om emosie aan te dui.

Let op:

- Die gesprek tussen die onderwyser en die leerder gaan oor 'n reël/regulasie wat oortree is, nl. die gebruik van 'n sellulêre foon tydens die eksamen. **[30]**

VRAAG 9 OOGGETUIEVERSLAG

'n Ooggetuieverslag is 'n verklaring wat 'n persoon aflê van dit wat hy/sy gesien gebeur het.

- Die inligting moet korrek en oortuigend wees.
- Paragrafe moet volgens die logiese verloop van die gebeure wees.
- Dit is kort en bondig.
- Feite word gegee.
- Emosioneel gelaaide woorde is ontoepaslik.
- Taal en styl moet by die formele verslag pas.
- Dit word gewoonlik in die verlede tyd geskryf.

Let op:

- Die formaat is aan die leerder verskaf:
 - PARAGRAAF 1: Persoonlike inligting (volle name, identiteitsnommer, adres en kontakbesonderhede)
 - PARAGRAAF 2: Besonderhede van gebeure (leerder se naam wat dwelms verkoop het, datum, tyd, plek, aan wie verkoop, hoe gereeld gebeur dit, ens.)
 - PARAGRAAF 3: Samevatting
- Die verslag word deur die skrywer onderteken en van 'n datum voorsien. **[30]**

VRAAG 10 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

'n Brief word geskryf aan 'n familielid om op 'n informele wyse te kommunikeer.

- Die formaat van die brief moet korrek wees: adres, datum, aanhef, paragrafe, afsluiting.
- Die adres van die skrywer word regs boaan in blokvorm geskryf.
- Wanneer die straatnaam uit twee soortname saamgestel is, word dit altyd as een woord geskryf, bv. Kerkstraat.
- Wanneer die straatnaam uit 'n soortnaam en eiename saamgestel is, kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat/Arcadia Straat/Arcadia-Straat/Arcadia-straat.
- Ander voorbeelde van adresse is: Posbus 88/Huis 342/Plot 45/NU 12.
- Geen leestekens word in die adres gebruik nie.
- Daar word nie 'n reël tussen die poskode en datum oopgelaat nie.
- Die datum word voluit geskryf: 10 November 2012.
- Die aanhef word aan die linkerkant geskryf.
- 'n Reël word tussen elke paragraaf oopgelaat.
- Die afsluiting word as die laaste paragraaf van die brief beskou en daarom is daar 'n punt aan die einde.
- Daar word nie 'n reël oopgelaat tussen die afsluiting en die skrywer se naam nie.

Let op:

- Die vriendskaplike brief is persoonlik, eerlik en vriendelik.
- Die doel is om met die grootouers te kommunikeer en daarom word hulle direk aangespreek.
- Die toon en register moet pas - apologeties, verduidelikend en respekvol.
- Die skrywer gaan 'n tradisie verbreek deur nie na die tradisionele huis te gaan nie, daarom moet daar redes verskaf word. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKSTE

Van die kandidaat word verwag om:

- Een vraag te doen.
- 'n Skryfstuk van tussen 80 tot 100 woorde in te handig.

VRAAG 11 PLAKKAAT

Dit is 'n aankondiging/advertensie wat ten doel het om reaksie uit te lok.

- Die volgende inligting moet op die plakkaat verskyn: Wie, Waar, Waarom, Wat, Tyd, Kontakpersoon.
- Die boodskap moet kort en saaklik wees.
- Prente en simbole kan gebruik word.

Let op:

- Die plakkaat moet aansluit by die idee van die koerantberig oor rommelherwinning in die Langkloof.
- Die plakkaat moet dieselfde tipe dag adverteer.

[20]

VRAAG 12 FACEBOOK-BOODSKAP

Dit is 'n kort boodskap of kommentaar wat elektronies op 'n webblad gelewer word.

- Dit word in paragraafformaat geskryf.
- Die vorm waarop die vraag gedoen moet word, word voorsien.
- Leerders wat kennis het van boodskappe, sal op die vorm hulle "foto" plaas.

Let op:

- Kommentaar word gelewer op die matriekafskeidsrok wat baie duur was.
- Eie persoonlike kommentaar word gelewer.
- Emosies is hierby betrokke – dit kan bewonder word/afgunstig wees op die rok/afkeurend wees oor die baie geld wat spandeer is.
- Dit kan ook net 'n skindersessie wees.

[20]

VRAAG 13 AANWYSINGS

Aanwysings bepaal die rigting na 'n plek.

- Gee rigtingwysers oor hoe om by 'n plek uit te kom.
- Dit verwys na bakens langs die roete.

Let op:

- Dit is die roete na die skat.
- Die roete begin by die huisie en eindig met die bootjie/seilskip waarmee hy/sy die eiland gaan verlaat.
- Die bakens langs die roete is: huisie, brug by die rivier, bome/bosse, rondawels/hutte/huisies, deur die huis, dam, tunnel/grot in die berg tot by die skat.
- Die skrywer sal moet verduidelik hoe hy/sy oor die dam gekom het.
- Die roete moet ondermekaar geskryf word en nie in paragraafformaat nie.

[20]

VRAAG 14 DAGBOEKINSKRYWING

Dagboekinskrywings is aantekeninge in 'n dagboek van dinge wat gebeur het/nog gaan gebeur/van gevoelens wat ervaar word.

- Die dag en datum word boaan geskryf.
- Dit word in paragrawe geskryf.
- Dit is nie nodig om met "Liewe Dagboek" te begin nie.
- Dit word in die eerste persoon geskryf.
- Gebruik die verlede tyd oor dinge wat in die verlede gebeur het.
- Gevoelens wat nou ondervind word, word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Adjektiewe en leestekens kan gebruik word om oortuigend te skryf.

Let op:

- Dit is 'n positiewe dagboekinskrywing: daar is vreugde oor die komende afspraak.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

RUBRIEKE VIR AFDELINGS A, B EN C

AFDELING A: OPSTEL: EERSTE ADDISIONELE TAAL

| 50 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80 – 100% | KODE 6 Verdiensielik 70 – 79% | KODE 5 Beduidend 60 – 69% | KODE 4 Voldoende 50 – 59% | KODE 3 Matig 40 – 49% | KODE 2 Basies 30 – 39% | KODE 1 Ontoereikend 0 – 29% |
|---|---|---|--|--|---|---|--|
| INHOUD EN BEPLANNING 32 PUNTE | <u>26 – 32</u> -Inhoud beïndruk leser met insig in onderwerp. -Ideeë uitdagend en volwasse. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste opstel. | <u>22½ – 25½</u> -Inhoud toon deeglike interpretasie van onderwerp. -Ideeë interessant en verbeeldingryk. -Beplanning en/of eerste poging lei tot goedsaamgestelde, gepaste opstel. | <u>19½ – 22</u> -Inhoud toon 'n goeie interpretasie van onderwerp. -Ideeë interessant en oortuigend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie, gepaste opstel. | <u>16 – 19</u> -Inhoud is 'n voldoende interpretasie van onderwerp. -Ideeë gewoon en diepte ontbreek. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevreëdende opstel/aanbieding. | <u>13 – 15½</u> -Inhoud gewoon met leemtes in samehang. -Ideeë meestal relevant, herhalend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot gemiddelde/redelike verstaanbare opstel. | <u>10 – 12½</u> -Inhoud dikwels onverstaanbaar. Gebrek aan samehang. -Ideeë is min en dikwels herhalend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot opstel wat nie goed aangebied is nie. | <u>0 – 9½</u> -Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie. -Ideeë herhaal. -Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal. Swak opstel/aanbieding. |
| TAAL, STYL EN REDIGERING 12 PUNTE | <u>10 – 12</u> -Toon kritiese taalbewustheid. -Effektiewe gebruik van taal en punktuasie. Maak van figuurlike taal gebruik. -Woordkeuse hoogs toepaslik/uitmuntend. -Styl, toon en register is hoogs gepas. -Opstel feitlik foutloos na proeflees en redigering. | <u>8½ – 9½</u> -Toon kritiese taalbewustheid. -Korrekte gebruik van taal en punktuasie. Kan figuurlike taal gebruik in korrekte konteks. - 'n Variasie in woordekeuse en word korrek gebruik. -Styl, toon en register is toepaslik vir die onderwerp. -Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering. | <u>7½ – 8</u> -Daar is bewyse van Kritiese taalbewustheid -Taal en punktuasie: meestal korrek. -Woordkeuse is gepas vir opstel. -Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die onderwerp. -Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering. | <u>6 – 7</u> - 'n Aanduiding van kritiese taalbewustheid. -Taal baie eenvoudig en punktuasie voldoende. -Woordkeuse voldoende. -Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. -Opstel het steeds foute na proeflees en redigering. | <u>5 – 5½</u> -Beperkte kritiese taalbewustheid -Taal gewoon en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik.. -Woordkeuse basies. -Styl, toon en register toon gebrek aan samehang. -Opstel het steeds baie foute na proeflees en redigering. | <u>4</u> -Geen kritiese taalbewustheid -Gebrekkige taal en punktuasie. -Woordkeuse beperk. -Styl, toon en register gebrekkig. -Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. | <u>0 – 3½</u> -Geen kritiese taalbewustheid -Ernstige gebrek aan taal en punktuasie. -Woordkeuse ontoepaslik. -Styl, toon en register is baie gebrekkig. -Opstel is besaai met foute en verwar ten spyte van proeflees en redigering. |
| STRUKTUUR 6 PUNTE | <u>5 – 6</u> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrawe samehangend saamgestel. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <u>4½</u> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend en logiese ontwikkeling van details. - 'n Verskeidenheid tipes sinne paragrawe skakel logies. -Lengte is korrek. | <u>4</u> -Ontwikkeling van onderwerp is samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrafering: samehangend, goed gekonstrueer/saamgestel. -Lengte is korrek | <u>3</u> -Onderwerp bevat sommige ideeë, noodsaaklike details egter ingesluit. -Sinskonstruksie en paragrafering mag foute bevat, maar opstel maak nog sin. -Lengte is amper korrek. | <u>2½</u> -Daar is bewyse van ontwikkeling van sommige noodsaaklike ideeë. -Sinskonstruksie en paragrafering foutief, maar ideeë is verstaanbaar. -Lengte is te kort/te lank. | <u>2</u> -Dwaal soms van die onderwerp af, algemene gedagtegang moeilik om te volg. -Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel. -Lengte is te kort/te lank. | <u>0 – 1½</u> -Afgedwaal van die onderwerp. -Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag. -Lengte is heeltemal te kort/te lank. |

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS: EERSTE ADDISIONELE TAAL

| 30 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80 – 100% | KODE 6 Verdienstelik 70 – 79% | KODE 5 Beduidend 60 – 69% | KODE 4 Voldoende 50 – 59% | KODE 3 Matig 40 – 49% | KODE 2 Basies 30 – 39% | KODE 1 Ontoereikend 0 – 29% |
|--|--|--|--|--|---|---|--|
| <p>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</p> <p>20 PUNTE</p> | <p><u>16 – 20</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Gespesialiseerde kennis van vereiste van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie. -Teks, algeheel samehangend ; alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend. | <p><u>14 – 15½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus; byna geen afwykings nie. -Inhoud en idees samehangend, alle detail ondersteun by die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saam-gestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik | <p><u>12 – 13½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou fokus, onbenullige afwykings. -Inhoud en idees samehangend detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ beduidend. | <p><u>10 – 11½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Voldoende kennis van vereistes van teks. -Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. -Inhoud en idees voldoende Samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | <p><u>8 – 9½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - 'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon oppervlakkige fokus. -Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. -Inhoud en idees gemiddeld, samehangend, basiese detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld, kritiese, nalatige foute is begaan. | <p><u>6 – 7½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -n Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. -Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhoud en idees omtrent nie samehangend, min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging gebrekkig, teks nie goed aangebied nie. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | <p><u>0 – 5½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Geen kennis van vereistes van teks nie. -Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhoud en idees is nie samehangend nie te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| <p>TAAL, STYL EN REDIGERING</p> <p>10 PUNTE</p> | <p><u>8 – 10</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register baie toepaslik. -Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p><u>7 – 7½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. -Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p><u>6 – 6½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. -Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. -Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p><u>5 – 5½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek. | <p><u>4 – 4½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank. | <p><u>3 – 3½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is swak en moeilik om te volg. -Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank. | <p><u>0 – 2½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is swak saamgestel en verwarrend. -Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. -Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. -Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is heeltemal te kort/te lank. |

AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS: EERSTE ADDISIONELE TAAL

| 20 PUNTE | KODE 7 Uitmundend 80 – 100% | KODE 6 Verdiensielik 70 – 79% | KODE 5: Beduidend 60 – 69% | KODE 4 Voldoende 50 – 59% | KODE 3 Matig 40 – 49% | KODE 2 Basies 30 – 39% | KODE 1 Ontoereikend 0 – 29% |
|--|---|---|---|---|---|--|--|
| <p>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</p> <p>13 PUNTE</p> | <p><u>10½ – 13</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings. -Inhoud en idees algeheel Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ Uitmundend. | <p><u>9½ – 10</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde Skryfwerk, behou fokus, byna geen afwykings nie. -Inhoud en idees: Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ Verdiensielik. | <p><u>8 – 9</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou fokus, onbenullige afwykings. -Inhoud en idees Samehangend, details ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend. | <p><u>6½ – 7½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Voldoende kennis van vereistes van teks. -Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie. -Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | <p><u>5½ – 6</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus. -Inhoud wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek vaag. -Inhoud en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging: Lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan. | <p><u>4 – 5</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. -Inhoud wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhoud en idees min Samehangend, min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | <p><u>0 – 3½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Geen kennis van vereistes van teks nie. -Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhoud en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. -Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| <p>TAAL, STYL EN REDIGERING</p> <p>7 PUNTE</p> | <p><u>6 – 7</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Teks is grammatikaal Akkuraat, sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register baie toepaslik. -Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p><u>5 – 5½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Teks is grammatikaal Akkuraat, sinne goed saamgestel. -Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p><u>4½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Teks is grammatikaal maklik om te lees, sinne is goed saamgestel. -Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. -Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p><u>3½ – 4</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek. | <p><u>3</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank. | <p><u>2½</u></p> <ul style="list-style-type: none"> -Teks is swak en moeilik om te volg. -Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/te lank. | <p><u>0 – 2</u></p> <ul style="list-style-type: none"> Teks is swak saamgestel en verwarrend. -Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. -Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. -Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is heeltemal te kort/te lank. |